# BEGRAFNIS/TROOSDIENS te NG KERK NYLSTROOM-OOS

Ons is jammer om te verneem van die afsterwe van u geliefde. Ons bid dat ons Hemelse Vader sy hand van vertroosting oor u en u familie sal hou.

Dit is belangrik dat die kerkkantoor verwittig word van ‘n lidmaat wat afsterf vir verskeie redes. Laat weet ons dus so gou moontlik asb, selfs al vind die begrafnis/troosdiens nie plaas uit ons kerkgebou.

Vervolgens die reëlings rondom die begrafnis/troosdiens:
U moet self die volgende persone in kennis stel vir die begrafnis of troosdiens: ***die dominee, orrelis, koster, sameroeper van die verversingsspan. Die klank & tegniese span word deur die kerkkantoor gereël.***

***Die bedrag betaalbaar deur die familie word as volg opgedeel:***:
**Dominee R600 Koster R500 Klank R500 Orrelis R500 = Totaal: R2100**
Hierdie bedrag moet asb verkieslik in kontant die dag voor die diens by die kerkkantoor betaal word.

***<u>Die dominee</u>***
Die keuse van dominee berus by u. Met hom bespreek uself die volgende: die boodskap (teksgedeelte) wat gebring moet word, die liedere en enige ander reëlings vir wat tydens die diens moet plaasvind.
Ds Ewald Schmidt telno +2782 579 6648 Ds Danie Ueckermann telno +2782 579 6649

***<u>Die koster</u>***
Hannetjie Pienaar telno +2778 158 2299.
Hanteer die oopsluit van die kerkgebou, saal en kleedkamers (beskikbaar by die saal vir begrafnisgangers). As u voor die diens toegang verlang tot die gebou vir bv die insit van blomme, moet u ook met haar reël vir die oop- en toesluit van die kerkgebou indien dit buite kantoorure is.

***<u>Die tegnies en klank</u>***
As u graag ‘n skyfievertoning (die familie is self verantwoordelik vir die opstel daarvan) wil laat vertoon of ‘n lied/ere wil laat speel moet u hom/haar kontak. (Dit is nogal belangrik dat ons veral die skyfievertoning voor die tyd op ‘n data stokkie ontvang sodat ons kan verseker dat dit werk. Veral die musiek saam met ‘n vertoning kan ‘n probleem oplewer.)
Die persoon se naam en telefoonnommer sal op aanvraag verskaf word omdat daar ‘n span is en ons nie altyd vooraf weet wie beskikbaar gaan wees nie. Skakel die kerkkantoor vir die naam en nommer van die persoon: 014 717 3279/+2772 262 5929.

***<u>Die orrelis</u>***
Indien u enige spesiale versoeke het vir hom/haar, stel hom/haar so gou moontlik in kennis, asb. Indien hy/sy nie van u hoor, sal slegs die liedere soos deurgegee deur die begrafnisondernemer na hom/haar voorberei word.
Die orrelis waarmee ons gewoonlik saam werk is Santie Henn telno +2783 417 2498 of 014 717 4001. As sy nie beskikbaar is nie dan reël die kerkkantoor ‘n ander orrelis.

***<u>Die verversings</u>***

Marie Swart telno +2782 5670 677.
Daar word 5 brode se toebroodjies gegee wanneer ‘n lidmaat van ons gemeente te sterwe kom vir sy/haar diens uit ons kerkgebou. Indien die familie self ook verversings wil gee moet dit reeds op opdienborde gebring en betyds afgegee word by die saal (die span is so 2 ure voor die diens al beskikbaar by die saal). Daar word tee en koffie bedien en waterbekers met water en glase word uitgesit en klein bordjies word verskaf. Die tafels en stoele word deur ons reggesit en gedek. Indien u mooi servette, blomme ens op die tafels wil hê, moet dit deur die familie verskaf word en betyds afgegee word by die saal.

Wanneer ‘n nie-lidmaat uit ons gemeente begrawe word of die troosdiens word uit ons gebou hanteer, mag daar ekstra kostes aan verbonde wees en van die reëlings kan verander. Skakel asb met Annelie by die kerkkantoor vir meer inligting indien van toepassing.

Kerkkantoor: 014 717 3279/+2772 262 5929 of +2773 411 6944
Ma – Do: 08:00 – 14:00